

11 April 2021

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Ek sien nie kans hiervoor nie...

- Ek sien nie kans om een stel waardes te hê vir my geestelike lewe en nog 'n ander stel vir my "normale" lewe nie. Dit is te veeleisend. Nog erger, dit is skynheilig. En die heel ergste, dit staan God glad nie aan nie. Dit is glad nie wat Hy van my verwag nie.
- Ek sien nie kans om 'n voorvegter vir die waarheid te wees, maar in dieselfde asem verneder ek almal wat nie soos ek glo of dink nie. Ek stoomroller nooit liefdeloos bo-oor ander mense nie. Ek verskil met integriteit, indien dit nodig is. Nee, ek skaam my nie oor die evangelie nie, maar ek tree ook nie so op teenoor ander dat Jesus Hom vir my moet skaam nie. Ek wil eerlikwaar nie meer godsdienstig raak, maar minder liefdevol nie. Of meer twisgierig wees nie. Ek wil ook nie meer weet van alles wat verkeerd is in die wêreld, maar intussen loop ek alles mis wat goed en reg is op God se pad nie. Ek is Jesus se getuie en dit doen ek stylvol en waardig.
- Ek sien nie kans om halfhartig te glo of te leef nie. Ek wil regtig ervaar Jesus is my hele lewe. Ek wil Hom van harte dien. Ek wil nog meer uitblink in kleiner dinge vir die Here. Ek sien nie kans om dit te doen met 'n groot geraas nie. Ek wil Christus dien sonder 'n bohaai. Ek wil meer omgee vir mense wat my pad kruis. En ek wil meer diensbaar wees. Ek wil nie gedurig op soek wees na erkenning vir my diens aan die Here nie. Die Here se goedkeuring is al wat groot punte tel hier in 2021.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing van sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Tannie Bets-vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Lea Rynders-vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Gerda Nel-vir volle genesing
- *Bid vir Vionette Forster vir volle herstel
- *Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- *Bid vir Trudie Sevenster & familie met die afsterwe van Piet Sevenster

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



As jy met jou mond sê
jy glo Jesus is die Here,
en as jy in jou hart glo
dat God Hom weer laat
lewe het, dan sal God
jou red.
Romeine 10:9 ABA

Gedagte vd week

Ek sal nie
sink nie
want die
Here my God
is my anker

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005